# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (42/20)*

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 16 Oktober 2020*

***"Either you run the day, or the day runs you" Jim Rohn***

## FITOSANITÊRE SITRUS REGISTRASIES VIR 2021/2 SEISOEN

Alle produsente en pakhuise van sitrus in Suid-Afrika moet daarop let dat fitosanitêre registrasies vanaf 19 Oktober tot 20 November 2020 beskikbaar sal wees.

Die registrasies kan gedoen word met behulp van hierdie skakel https://www.phytclean.co.za/ - en volg dan die FBO-menu. Kontak +27 (0) 31 940 6795 vir hulp of volg hierdie skakel: https://support.ecert.co.za

## REGISTREER NOU: GLOBALE SITRUSKONGRES OP 5 NOVEMBER 2020

Die sekretariaat van die Wêreld Sitrusorganisasie, saam met sy vennoot Fruitnet Media International, is besig met die voorbereiding vir die eerste Globale Sitruskongres, wat op 5 November 2020 gaan plaasvind om die sitrusgemeenskap byeen te bring om die huidige tendense, uitdagings en geleenthede vir die sitrussektor te bespreek. Meer as 300 deelnemers van regoor die wêreld het reeds vir die kongres geregistreer.

Die program van die eerste Globale Sitruskongres 2020 sal die belangstellingsareas vir die sektor beklemtoon, insluitend die belangrikste produksie- en bemarkingstendense; hoe verskaffers en handelaars nouer kan saamwerk om waarde tot die sitruskategorie te voeg; hoe nuwe tegnologie en innovasie in die voorsieningsketting sitrusprodusente en bemarkers kan help om te reageer op verbruikers se eise vir volhoubaarheid; en hoe om die voedingskrag van sitrus te benut om meer doeltreffende bemarkingsveldtogte te ontwikkel. Sprekers sal topverteenwoordigers uit die sitrusgemeenskap insluit, waaronder me. Naomi Pendleton van AM FRESH Group, mnr. Jose Luis Molina van Hispatec, mnr. John Chamberlain van Limoneira of Stephan Wesit van Rewe.

Die kongres is regstreeks in Engels en Spaans (gratis) aanlyn beskikbaar vir almal met 'n slimfoon of skootrekenaar en 'n hoëspoed-internetverbinding. Registrasies kan steeds plaasvind: https://www.citruscongress.com/

As u op enige manier by die sitrusbedryf betrokke is, is dit 'n geleentheid wat u nie moet misloop nie. Ek sien veral uit na Eric Imbert (CIRAD) se aanbieding oor tendense in die bedryf: sy aanbiedings is altyd buitengewoon goed en laat jou met 'n goeie begrip van dit wat in die sektor gebeur.

## JAARLIKSE DALRRD SITRUS KOORDINERINGSVERGADERING

Die koördineringsvergadering van die Departement Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) vir 2020 vind op 12 November 2020 van 09:00 tot 13:00, plaas. 'n Klein verteenwoordigende groep sal in die Oos-Kaap bymekaarkom; met al die ander in die sitruswaardeketting wat aangemoedig word om via Zoom aan te sluit met **ID 843 455 23857 Kode 539315**. Hierdie vergadering sal terugkyk op die lesse wat in die 2020-seisoen geleer is, en die nodige beplanning vir 'n suksesvolle 2021-sitrusseisoen in plek stel.

## VERPAK EN VERSKEEP

Boodskap van CGA-Inligtingsbestuurder John Edmonds: Die aanvang van die Covid-pandemie het twee vroeë impakte op Suider-Afrika se sitrusuitvoerpatrone gehad. Eerstens, gekonfronteer met die onsekerheid of hul, hul vrugte kon bemark, was produsente gretig om hul oeste so gou as moontlik af te haal. Tweedens was die vertraging van die verskeping aan die orde van die dag, asook 'n verskeidenheid uitdagings in die hele logistieke ketting. Die gevolglike verskille in gerapporteerde data tussen kartonne wat gepak en deur PPECB-inspekteurs goedgekeur is, en verskepingsverslae wat deur Agrihub gelewer is, was te wagte. Soos die seisoen eindig, het die ooreenstemming in die twee getalle egter nie in die verwagte mate plaasgevind nie. Uiteraard word nie al die vrugte wat gepak is, verskeep nie, maar die logiese gevolgtrekking is dat die gepakte data te hoog is of dat die verskepingsdata onderskat word. PPECB en Agrihub werk saam om data te deel en te ontleed om 'n verklaring vir die verskille te vind. 'n Verslag oor hierdie bevindings sal opgestel word sodra die kwessies opgelos is.